LES 16: DIE KONINKRYK VAN YAHWEH

Die Koninkryk van Yahweh is vanaf Genesis tot Openbaring die kern boodskap in die Bybel, maar tog is dit 'n onderwerp wat ontsettende verwarring veroorsaak. Sommige kerke verkondig dat hulle die koninkryk van Yahweh is. Ander leer weer vir hul ledemate dat die koninkryk in die hemel is en dan is daar self mense wat sê dat dit net 'n warm en gerusstellende gevoel in jou hart is. Vader Yahweh sê presies vir ons in Sy Woord wat die Koninkryk is en hoe om deel te word daarvan.

16.1 'n Koninkryk word gedefinieer as:

...die invloed van 'n koning oor sy grondgebied, volgens 'n geregtelike orde waar die wil van die koning, sy doelwitte, voornemens, kultuur van waardes en sedes, die leefstyl van die burgerlike inwoners die koning se begeertes weerspieël. Elke gemeenskap benodig wette, 'n ordelike struktuur en leierskap. Sonder 'n regering is daar chaos, terwyl regmatige gesag die sleutel is tot 'n suksesvolle regering. Die koninkryk van Yahweh is 'n letterlike Koninkryk, met die land, mense, wette, struktuur, waardes, sedes en doelwitte. In die tuin van Eden, na die skepping, was alles perfek omrede die wil van Yahweh, soos gedefinieer deur sy ewige Torah, onder die volmaakte wil was van Yahweh.

16.2 Die Koninkryk van Yahweh op die aarde het begin in Genesis met die Skepping.

Gen 1:26 En Elohim het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.
Gen 1:27 En Elohim het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van Elohim het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.
Gen 1:28 En Elohim het hulle geseën, en Elohim het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.

Yahweh het Adam geskape en aan hom die heerskappy oor die aarde, die diereryk, die visse in die see en die voëls van die hemel gegee. Let wel, Adam het "heerskappy" en nie "eienaarskap" ontvang nie. Die koninkryk prinsiep is heeltemal anders as 'n demokrasie. In 'n koninkryk is daar geen privaat eienaarskap van eiendom nie want alles behoort aan die koning (Ps 24:1). Yahweh het 'n vasgestelde patroon van geregtelike orde ingestel met die skepping. Adam was aangestel om die geregtelike orde te handhaaf en na die res van die skepping te gaan om die koninkryk boodskap waarmee Yahshua hom opgelei het aan ander buite die Tuin van Eden oor te dra.

16.3 Dit was die wil van Yahweh dat mens die aarde bewoon sodat dit net soos Sy Koninkryk in die hemel kon wees.

Matt 6:9 Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;
Matt 6:10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;

Ons Hemelse Vader het die aarde geskep sodat dit 'n kolonie van Sy Koninkryk kon wees vir die uitbreiding van Sy skepping. Volgens Genesis 1:26-28 het Yahweh vir Adam aangestel om oor Sy aardse kolonie te heers en sy werk sou wees om Sy Koninkryk beginsels, soos in die Torah gestipuleer, aan die res van die mensdom oor te dra en daardeur meer mense tot geloof bring as dissipels van Yahweh.

16.4 Het Adam geslaag in sy opdrag wat Yahweh aan hom gegee het?

Gen 3:17 En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie—vervloek is die aarde om jou

ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.
Gen 3:18 Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet.
Gen 3:19 In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.

Gen 3:23 Toe stuur Yahweh Elohim hom weg uit die tuin van Eden om die grond te bewerk waaruit hy geneem is.
Gen 3:24 So het Hy dan die mens weggedrywe en gérubs aan die oostekant van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak.

16.5 Adam se verraad en sonde het ook die vergieting van onskuldige bloed meegebring

Gen 3:21 En Yahweh Elohim het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en hulle dit aangetrek.

Let wel, tot en met die tydstip toe Adam gesondig het, het die koninkryk boodskap niks met sonde te doen gehad nie, omdat sonde nog nie die wêreld betree het nie. Die koninkryk boodskap wat Adam aan die res van die mensdom moes bring het gegaan oor volkome vertroue in Yahweh en om heeltemal volgens Sy wette (deel van Sy karakter) vir ewig te handel sodat die mensdom van krag tot krag in die geloof kon groei.

Die oomblik toe Adam en Eva gesondig het moes Yahweh 'n plan in werking stel om die mens weer toegang tot Sy koninkryk te gee. Yah Yahweh die Vader moes sy Seun, Yahshua Yahweh, vir die mens se sondes laat sterf sodat ons deur Sy bloed gered kon word. Die boodskap van vergifnis en verlossing deur die bloed van Yahshua is die leerstelling van hoe om weer die Koninkryk van Yahweh te betree, maar dit is nie die boodskap van wat die Koninkryk werklik behels nie.

Die Bybel is 'n boek geskryf oor die Koninkryk van Yahweh en die kolonisasie van die mensdom op die aarde wat 'n uitbreiding is van die Vader se Koninkryk in die hemel. Die Bybel kan in twee gedeel word. Deel 1: Genesis 1,2 en 3 tot en met die val van die mens en die verlies van die aardse Koninkryk; en Deel 2: Die res van die Bybel wat die verlossingswerk bespreek van die verlore Koninkryk.

Let wel, **Adam het 'n koninkryk verloor, nie 'n godsdiens nie**. Geloof is 'n instrument wat deur mense gebruik word om oor ander te heers en te beheer. Geloof (godsdiens) het niks met die Koninkryk van Yahweh te maak nie. Die Koninkryk van Yahweh gaan oor Sy wil en geregtelike orde wat deur die Torah vir ons daargestel word sodat die mens weet hoe om die Almagtige Vader te aanbid en 'n persoonlike verhouding met Hom as Skepper te hê asook hoe om met ons medemens te handel wat volgens die beeld van Yahweh geskape is.

Gen 1:26 En Elohim het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis,..."
Gen 1:27 En Elohim het die mens geskape na sy beeld;..."

Die mens is volgens die beeld van Yahweh geskape; nooit werklik volgens Elohim se gelykenis nie. Die rede hiervoor is dat ons liggaamlik volgens die beeld van Elohim gemaak is met intellek wat ons in staat stel om te dink en te redeneer, maar om na Sy gelykenis te wees moet ons Sy Heilige Gees (Ruach Ha Kodesh) ontvang en ontwikkel deur middel van ervaring volgens die karakter van Yahweh (*Matt 5:48*).

Adam het willens en wetens die opdrag van Yahweh verontagsaam en sodoende die vergieting van 'n onskuldige dier se bloed veroorsaak (*Gen 3:21*), asook die agteruitgang van sy fisieke liggaam en gevolglik sy dood (*Gen 2:17)*. Adam het homself gediskwalifiseer om die Torah van Yahweh na die res van die skepping te neem en het versuim om vrugte vir die Koninkryk voort te bring ter uitbreiding van

die Koninkryk van Yahweh vanuit die hemel op die aarde. Dit was Adam se hoogste prioriteit en die hoofrede hoekom hy vanuit die aarde gevorm was. As gevolg van sy teenstrydigheid van 'n direkte opdrag van Yahweh het hy sy heerskappy oor die aarde prysgegee en dit in werklikheid aan Satan oorgegee. Vanaf daardie oomblik was dit nodig dat Yahweh 'n ander man na die aarde stuur, gebore vanuit die fisiese geslag van Adam en Eva om dit wat sy voorvader Adam verloor het te herwin en vry te koop.

16.6 'n Professie van Yahweh

Gen 3:14 Toe sê Yahweh Elohim aan die slang: Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe.
Gen 3:15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

Rom 5:12 Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het

Rom 5:17 Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, vee meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Yahshua Messias.
Rom 5:18 Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe.

1 Kor 15:45 So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het ‘n lewende siel geword; die laaste Adam ‘n lewendmakende Gees. (Gen 2:7)
1 Kor 15:46 Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike.
1 Kor 15:47 Die eerste mens was uit die aarde aards, die tweede mens is Messias uit die hemel.

'n Basiese koninkryk beginsel is dat die troonopvolger vanuit die bloedlyn van sy Vader afkomstig moet wees. Die oomblik toe Adam geabdikeer het en die aarde onder die heerskappy van Satan beland het, het Yahweh 'n Verlossings plan in werking gestel om dit wat Adam verloor het wettiglik terug te eis en te herwin.

16.7 Yahweh se volkome vertroue in Abraham en die belofte dat die Messias deur sy geslagslyn sou kom

Gen 12:1 En Yahweh het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys.
Gen 12:2 En Ek sal jou ‘n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy ‘n seën sal wees.
Gen 12:3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Gen 17:1 Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het Yahweh aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is Elohim, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees.
Gen 17:2 En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder.
Gen 17:3 Toe val Abram op sy aangesig, en Elohim het met hom gespreek en gesê:
Gen 17:4 Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou, en jy sal die vader van ‘n menigte van nasies word.
Gen 17:5 Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou ‘n vader van ‘n menigte van nasies.
Gen 17:6 En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak: Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit

jou voortkom.
Gen 17:7 En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n Elohim te wees en vir jou nageslag ná jou.
Gen 17:8 En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as 'n ewige besitting; en Ek sal vir hulle 'n Elohim wees.
Gen 17:9 Verder het Elohim aan Abraham gesê: Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag.

*Gen 17:21 Maar **my verbond sal Ek oprig met Isak wat Sara vir jou anderjaar op hierdie tyd sal baar**.*

*Gal 3:16 Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: **En aan jou saad, dit is Messias**.*

Amos 3:1 Hoor hierdie woord wat Yahweh oor julle gespreek het, o kinders van Israel, oor die hele geslag wat Ek uit Egipteland laat optrek het, naamlik:
Amos 3:2 Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde; dáárom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede.

Eks 4:22 Dan moet jy vir Farao sê: So spreek Yahweh: My eersgebore seun is Israel.

As gevolg van Abraham se getrouheid aan Yahweh, het Hy dit so bestem dat Messias uit die nageslag van Israel sou kom ter verlossing van die mensdom. Na Yahshua se wederkoms sal Hy voortgaan om die nasies terug te draai na sy Koninkryk op aarde *(Jes 66:18-20*).

Kan slegs fisies gebore Israeliete dissipels word van Yahshua en lede van die Yahweh familie in hierdie tydperk voor die millennium begin?

Gal 3:26 Want julle is almal kinders van Elohim deur die geloof in Messias Yahshua;
Gal 3:27 want julle almal wat in Messias gedoop is, het julle met Messias beklee.
Gal 3:28 Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Messias Yahshua.
Gal 3:29 En as julle aan Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

Yahweh is regverdig en sal nie een persoon bo 'n ander stel nie. As gevolg van Adam se keuses het dit hom in 'n posisie geplaas waar Yahweh 'n fisiese afstammeling vanuit sy nageslag moes kies om die mensdom te verlos; maar nadat Messias gekom het, kan enige persoon ongeag ras, geslag, sosiale status, ens. by die familie van Israel bygevoeg word en 'n fisiese saad van Abraham word deur Yahshua, ons Skepper en Verlosser. Dit kan alleenlik gebeur as 'n mens gedoop word en sodoende geestelik by die nageslag van Israel aansluit, deur Messias, as 'n "*Eerste Vrug*". *Les 1: Toetrede tot die Nuwe Verbond* verduidelik dit in detail.

16.8 Die aarde was nogsteeds onder die heerskappy en gesag van Satan toe Yahshua Sy bediening in 27 NM begin het.

Luk 4:5 Toe bring die duiwel Hom op 'n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in 'n oomblik se tyd.
*Luk 4:6 En die duiwel sê vir Hom: **Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil.***
Luk 4:7 As U my dan aanbid, sal alles aan U behoort.
Luk 4:8 En Yahshua antwoord en sê vir hom: Gaan weg agter My, Satan, want daar is geskrywe: Yahweh jou Elohim moet jy aanbid en Hom alleen dien.

Na Adam se abdikasie het Yahweh toegelaat dat Satan vir 'n tydperk van 6000 jaar op aarde heers oor die wêreld se instellings soos opvoedkunde, politieke regerings en veral geloof en godsdiens.

Yahshua het gedurende sy aardse bediening in 27 AD bewys dat Hy wel kwalifiseer deur middel van sy lewe, dood en opstanding om Satan te vervang, ons te verlos en terug te neem na die Koninkryk wat Adam verloor het. Maar, net soos 'n president wat 'n verkiesings veldtog gewen het en vir ongeveer 2 maande moet wag voordat hy amptelik sy amp beklee, moet Yahshua vir 6000 jaar (soos dit aan Satan toegeken was) wag voordat Sy heersende Koninkryk op aarde gevestig kan word.

16.9 Die 6000 jarige tydperk volgens die Skrif

Eks 20:11 Want in ses dae het Yahweh die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het Yahweh die sabbatdag geseën en dit geheilig.

Heb 4:5 en nou hier weer: Hulle sal in my rus nie ingaan nie.
Heb 4:6 Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie,
Heb 4:7 bepaal Hy weer 'n sekere dag, naamlik vandag, as Hy soveel later deur Dawid spreek, soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie.
Heb 4:8 Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek nie.
Heb 4:9 Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van Elohim;

Num 14:34 Volgens die getal dae dat julle die land verken het, veertig dae, vir elke dag een jaar, moet julle jul ongeregtighede dra, veertig jaar lank, en my teëstand gewaar word.

2 Pet 3:8 Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by Yahweh soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag. (Ps 90:4)
2 Pet 3:9 Yahweh vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.

Net soos Yahweh die wêreld letterlik in ses dae gemaak het en op die 7de dag (Sabbat) gerus het, het Hy 6000 jaar aan Satan se aardse heerskappy toegeken. Die 7de millennium, soos in Hebreërs 4 uiteengesit, is die 1000 jarige Koninkryk van Yahshua wat die wêreld verlos van die bose, sataniese samelewing wat Satan geskep het tydens sy 6000 jaar op aarde. Die einde van die 6000 jaar en die begin van die 7de millennium is naby.

16.10 Sedert Yahshua se geboorte (as die tweede Adam) was dit Sy fokus om die Koninkryk te herwin wat Adam verloor het.

Matt 4:17 Van toe af het Yahshua begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.

Mark 1:14 En nadat Johannes oorgelewer was, het Yahshua in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van Elohim verkondig
Mark 1:15 en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van Elohim het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie.

Matt 13:24-52 'n Ander gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos 'n man wat goeie saad in sy land gesaai het; (25) maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai en weggegaan. (26) En toe die spruitjies opgeskiet en vrug gevorm het, toe verskyn die onkruid ook. (27) En die diensknegte van die huisheer het gekom en vir hom gesê: Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan? (28) En hy antwoord hulle: 'n Vyandige mens het dit

gedoen. Toe sê die diensknegte vir hom: Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymekaarmaak? (29) Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie. (30) Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur. (31) 'n Ander gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos 'n mosterdsaad wat 'n man neem en in sy land saai; (32) wat wel die kleinste is van al die soorte saad, maar as dit gegroei het, groter is as die groentesoorte en 'n boom word, sodat die voëls van die hemel kom en nes maak in sy takke. (33) 'n Ander gelykenis het Hy hulle vertel: Die koninkryk van die hemele is soos suurdeeg wat 'n vrou neem en in drie mate meel inwerk totdat dit heeltemal ingesuur is. (34) Al hierdie dinge het Yahshua deur gelykenisse vir die skare gesê, en sonder gelykenis het Hy vir hulle niks gesê nie; (35) sodat vervul sou word die woord wat gespreek is deur die profeet: Ek sal my mond open deur gelykenisse; Ek sal uitspreek dinge wat verborge was van die grondlegging van die wêreld af. (36) Nadat Hy die skare weggestuur het, het Yahshua huis toe gegaan; en sy dissipels het na Hom gekom en gesê: Verklaar vir ons die gelykenis van die onkruid in die saailand. (37) En Hy het geantwoord en vir hulle gesê: Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens, (38) en die saailand is die wêreld. Die goeie saad —dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose, (39) en die vyand wat dit gesaai het, is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld, en die maaiers is die engele. (40) Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld: (41) die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, (42) en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande. (43) Dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor. (44) Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydskap daaroor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand. (45) Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n koopman wat mooi pêrels soek; (46) en toe hy een baie kosbare pêrel kry, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het, en koop dit. (47) Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n net wat in die see gegooi word en van elke soort bymekaarbring; (48) en as dit vol geword het, trek hulle dit op die strand uit en gaan sit en maak die goeies in bakke bymekaar, maar gooi die slegtes weg. (49) So sal dit wees in die voleinding van die wêreld: die engele sal uitgaan en die slegte mense onder die regverdiges uit afskei (50) en hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande. (51) Yahshua sê vir hulle: Het julle ál hierdie dinge verstaan? Hulle antwoord Hom: Ja, Adonai! (52) Toe sê Hy vir hulle: Daarom is elke skrifgeleerde wat 'n leerling geword het in die koninkryk van die hemele, soos 'n huisheer wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring.

Elke woord en daad van Yahshua was gefokus om die Koninkryk van Yahweh te herstel. As gevolg van Yahshua se perfekte lewe het Hy gekwalifiseer om die boete vir almal se sondes te betaal wat begin het met Adam, Israel en sedertdien elke mens op aarde, sodat die gesag van die Koning herstel kon word vir sy 1000 jarige heerskappy.

16.11 Yahshua se bevel aan Sy dissipels was om ander op te lei as nuwe lede vir Yahweh se Koninkryk, net soos Yahweh se opdrag en opleiding aan Adam in die Tuin van Eden

Joh 15:1 Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer.
Joh 15:2 Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra.
Joh 15:3 Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het.
Joh 15:4 Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie.

Joh 15:5 Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.
Joh 15:6 As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.
Joh 15:7 As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.
Joh 15:8 Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees.

Joh 15:16 Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.

Matt 7:16 Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. ‘n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie!
Matt 7:17 So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar ‘n slegte boom dra slegte vrugte.
Matt 7:18 ‘n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en ‘n slegte boom ook geen goeie vrugte nie.
Matt7:19 Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.
Matt 7:20 So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.
Matt 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

Lees ook *Mattheus 25:13-30.*

Yahweh se opdrag aan die mens het sedert Adam se tyd dieselfde gebly; fokus op die vrugte van die gees en vermeerder dit (*Gen1:28*). Dit was en is nogsteeds die opdrag aan Nuwe Verbonds gelowige, dissipels, eerste vrugte en kinders van die koninkryk van Yahweh.

16.12 Het die apostels van Yahshua besef dat die koninkryk van Yahweh 'n werklike koninkryk is met 'n ware Koning vanuit die beloofde land van Israel?

Luk 22:25 En Hy het vir hulle gesê: Die konings van die nasies heers oor hulle, en die wat gesag voer oor hulle, word weldoeners genoem.
Luk 22:26 Maar so moet julle nie wees nie; maar die oudste onder julle moet word soos die jongste, en wie ‘n leier is, soos een wat dien.
Luk 22:27 Want wie is groter: die een wat aan tafel is, of die een wat dien? Is dit nie hy wat aan tafel is nie? Maar Ek is onder julle soos een wat dien.
Luk 22:28 En dit is julle wat altyddeur by My gebly het in my versoekinge.
Luk 22:29 En Ek beskik vir julle ‘n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het,
Luk 22:30 sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel.

Hand 1:6 Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Meester, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?
Hand 1:7 En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie;
Hand 1:8 maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.

Die apostels het verstaan dat die Koninkryk van Yahweh 'n fisiese koninkryk sal wees, opgestel binne die nasie van Israel en dan na die res van die wêreld. Hulle het net nie geweet wanneer dit opgestel sou word nie. 'n Kerk organisasie of “'n gevoel in jou hart” as koninkryk was nooit hul standpunt nie.

16.13 Wat het Yahshua in *Lukas 17:21* bedoel?

Luk 17:21 En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van Yahweh is binne-in julle.

Die bogenoemde teks moet eintlik lees: "... *die koninkryk van* Yahweh is in julle midde." Soos vertaal in die LITV en HRB weergawes.

Luk 17:21 nor will they say, Lo, here! Or, Lo, there! For behold the kingdom of Yahweh is in your midst. (LITV)
Luk 17:21 nor will they say, Lo, here! Or, Lo, there! For behold the kingdom of YAHWEH is in your midst.(HRB)

'n Koning is die heerser van sy koninkryk, met ander woorde die eienaar in besit van alles; sy wet is bindend en onveranderlik. Niemand kan self kies om by die koninkryk aan te sluit nie, maar hul kan wel deur 'n koninklike besluit gekies word om deel te word van daardie koninkryk (*Joh 15:16*). Die koning se woord is finaal. Die koning is ten volle verantwoordelik vir elke onderdaan, daarom is dit 'n negatiewe refleksie teenoor die koning indien enige een van sy onderdane aan iets ontbreek. Die Koning is sy Koninkryk.

Toe Yahshua aan die Fariseërs gesê het dat die Koninkryk van Yahweh in hul midde was, het Hy daarmee bedoel dat sy teenwoordigheid (as die Koning) die Koninkryk van Yahweh na hulle gebring het. Op dieselfde wyse word elke ware dissipel van Yahshua geroep as ambassadeur vir Hom en Sy Koninkryk (*2 Kor 5:20*). Indien daar 'n beroep gedoen word op 'n dissipel om êrens heen te gaan is daardie ambassadeur in die geseënde posisie om die Koning en Sy Koninkryk te verteenwoordig; daarom neem die gesant die Koninkryk aan daardie gegewe gebied deur middel van Yahshua se leerstellings en dit wat hy of sy aan daardie gemeente leer. Om 'n verteenwoordiger van Yahshua en Sy Koninkryk te wees, moet die Koninkryk op ons harte geskryf staan en die hoogste prioriteit in ons lewe wees (*Matt 10:32-39*).

16.14 Yahshua het gesê wat die beloning sou wees vir eerste vrugte wat gedoop word in Sy naam en daardeur volgelinge word van Hom in die tyd voor Sy wederkoms wanneer Hy Sy Koninkryk herstel.

Luk 22:28 En dit is julle wat altyddeur by My gebly het in my versoekinge.
Luk 22:29 En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het,
Luk 22:30 sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel.

Matt 19:27 Daarop antwoord Petrus en sê vir Hom: Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal daar dan vir ons wees?
Matt 19:28 En Yahshua sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel.
Matt 19:29 En elkeen wat huise of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van my Naam verlaat het, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe beërwe

Op 5:9 Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir Elohim met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie,
Op 5:10 en het ons konings en priesters vir onse Elohim gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.
Op 20:4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en

ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Yahshua en oor die woord van Elohim, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Messias die duisend jaar lank.

Op 20:5 En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.

Op 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van Yahweh en van Messias wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

Diegene wat hul lewens in hierdie wêreld (Satan se samelewing) aan Yahshua toewy, gedoop word in Sy naam en sodoende in verbondsverhouding met Hom staan *(Les Een: Toetrede tot die Nuwe Verbond)* sal saam met Yahshua regeer met Sy wederkoms as konings en priesters vir Sy duisendjarige vrederyk en daarna tot in ewigheid.

16.15 Wat en hoe sal die Koninkryk van Yahweh wees met Yahshua se wederkoms? Sal daar 'n afgevaardigde regering wees of sal mense in staat wees om te doen soos hulle wil en voortgaan om hulself te regeer?

Jes 9:6 (9:5) Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke El, Ewige Vader, Vredevors—

Jes 9:7 (9:6) tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van Yahweh van die leërskare sal dit doen.

16.16 Sal Yahweh se Torah (wet / onderrig) nogsteeds nagevolg moet word; sal ons die leiers wat Yahshua in Sy Koninkryk aanstel moet gehoorsaam, of sal mense net doen wat hulle voel reg is in hulle hart?

Jes 11:1 Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra;

Jes 11:2 en op Hom sal die Gees van Yahweh rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van Yahweh.

Jes 11:3 En Hy het 'n welgevalle aan die vrees van Yahweh; en Hy sal nie regspreek na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie;

Jes 11:4 maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak.

Jes 11:5 En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees.

Jes 11:6 Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja.

Jes 11:7 Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os;

Jes 11:8 en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk.

Jes 11:9 Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van Yahweh soos die waters die seebodem oordek.

Wanneer Yahshua die Messias se Koninkryk (na die 6000 jaar van Satan se heerskappy) op hierdie aarde gevestig word sal daar volkome harmonie en gehoorsaamheid aan Yahweh se wette en leierskap wees. Mense wat die groot verdrukking en toorn van Yahweh op hierdie aarde oorleef se harte sal vernuwe word; hulle sal gevul word met 'n gees van samewerking en sal vrywilliglik die waarheid van Yahweh se Woord wil leer, asook gehoorsaam wees aan diegene deur Yahshua aangestel in leierskap posisies om die mense te dien.

16.17 Sal almal in staat wees om die Koninkryk te betree, ongeag of hulle gewillig leer en gehoorsaam is of sal slegs diegene wat 'n hart van samewerking en liefde het in staat wees om deel te wees van Yahshua se vinnig komende Koninkryk?

Matt 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.
Matt 7:22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Meester, Meester, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?
Matt 7:23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!

Matt 25:31 En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit;
*Matt 25:32 en voor Hom sal al die nasies versamel word, en **Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei;***
*Matt 25:33 **en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit.***
*Matt 25:34 **Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.***
Matt 25:35 Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee;
Matt 25:36 Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom.
Matt 25:37 Dan sal die regverdiges Hom antwoord en sê: Meester, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee?
Matt 25:38 En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee?
Matt 25:39 En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom?
Matt 25:40 En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.
*Matt 25:41 **Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.***
Matt 25:42 Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie.
Matt 25:43 Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie.
Matt 25:44 Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Meester, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie?
Matt 25:45 Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.
Matt 25:46 En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe.

Die Koninkryk van Yahweh is heeltemal teenstrydig met die demoniese regering stelsels van Satan wat tans op aarde heers.

Die Koninkryk is nie...
– 'n Diktatorskap wat mense deur onwettige bewind onderdruk nie; of
– Kommunisties van aard, waar 'n klein groepie uitverkorenes in weelde leef ten koste van die massas; of
– 'n Demokrasie ("demoon-okrasie") waar die meerderheid aan bewind kom, of hulle nou reg of verkeerd is, met gelyke vryheid van spraak vir goed sowel as kwaad; vryheid van godsdiens vir dit wat opreg waar is sowel as die sataniese.

Mense met volkome geloof en vertroue in Yahweh en Sy wette sal eendag geseën word om deel te

wees van die wonderlike Koninkryk. Enigeen wat teen die perfekte Torah (onderrig) van Yahweh is sal nie deel wees van Sy Koninkryk nie en sal in die poel van vuur gewerp word. Die mense in die Koninkryk sal nie net na sy eie welsyn omsien nie, maar sal opreg lief wees vir sy naaste en saamwerk in liefde tot die verbetering en welstand van elke familielid in die Koninkryk.

16.18 Die verskil tussen Yahweh se Koninkryk en Satan se demokrasie.

Ons kan nie 'n effektiewe werker vir die Koninkryk wees en demokraties dink soos 'n Babiloniër nie.

'n Demokrasie	**'n Koninkryk**
Die mense kies die leiers (Laodikeaans); 'n koning is nie nodig nie want die mense regeer hulself.	Die Koning kies Sy onderdane (*Joh 6:44* en *2 Kor 5:20)* as ambassadeurs vir Sy Koninkryk.
Mense ondersteun die regering deur middel van belasting betalings. Die skuld van armoede word geplaas op die skouers van elke individu wat behoeftig is. Welsyn het 'n negatiewe betekenis – mense word “gebrandmerk” as armoedig, sonder geld om na hul eie belange om te sien.	Die Koning voorsien in al die behoeftes van sy onderdane. Indien enige persoon in armoede verkeer is dit 'n swak weerspieëling op die koning wat nie voorsiening maak vir daardie persoon se welsyn nie. Welsyn het 'n positiewe betekenis – in liefde vir mekaar omgee en beteken nie armoede nie. (*Ps 23:1* en *Matt 6:24-34*)
Enige iemand kan by 'n demokrasie aansluit of beweeg van die een na die ander party.	'n Persoon kan alleenlik by die Koninkryk aansluit deur 'n nasaat te word van die belofte aan Abraham, soos en wanneer die Koning jou roep (*Gal 3:29*). Burgerskap is 'n voorreg en nie 'n reg nie.
'n Demokrasie word regeer deur gekose en aangestelde parlementslede. Die grondwet bevat mensgemaakte wette en is nie volmaak nie. Die burgers kan protesteer om 'n betrokke wet of wette te verander soos hul morele waardes en onsedelike praktyke verander.	'n Koninkryk word regeer deur die wette van die Koning (*Deut 10:10-12*). Die Torah is die grondwet, heilige en volmaakte instellings en verordeninge vir ons welvaart daargestel (*Ps 19:7-12*). Die wette in die Koninkryk sal nooit verander nie, aangesien die Koning dit as ewige, volmaakte insetting ingestel het (*Mal 3:6; Heb 13:8, Ester 8:8*).
In 'n demokrasie begeer mense hul vryheid om hulself te regeer. Mense en die dinge wat hul slaafs navolg word hul afgod.	In 'n Koninkryk is die mense se begeerte om onderdanig en van diens te wees aan hul Koning. (*Joh 5:30 & Eks 21:1-6*) Mense wil deur hul Koning regeer word (*1 Kor 6:18-20*).
Alle reëls en wette is mensgemaak en gebrekkig, mense fokus op hulself vir eie gewin wat uiteindelik lei tot sekulêre humanisme waar die mens glo dat hy sy eie probleme kan oplos, sonder die hulp van Elohim. 'n Demokrasie is basies die mens se opstand sodat hy sy eie god word.	Mense fokus op die Koning en sy edikte.
Privaat eienaarskap van eiendom.	Die Koning besit alles (*Ps 24:1,2*). Onderdane het nie nodig om hul eie eiendom te besit nie want al hul behoeftes word voorsien deur die Koning.

Die beginsels van 'n Koninkryk is moeilik verstaanbaar vir Westerlinge want die beginsels van 'n demokrasie het in Amerika tot stand gekom in rebellie teenoor 'n koninkryk.

16.19 Sal die Koninkryk van Yahweh net in Israel wees, of sal dit gedurende die millennium regoor die aarde wees?

Miga 4:1 En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van Yahweh vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom.
Miga 4:2 En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van Yahweh en na die huis van die Elohim van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van Yahweh uit Jerusalem.
Miga 4:3 En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspreek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.
Miga 4:4 Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van Yahweh van die leërskare het dit gespreek.
Miga 4:5 Want al die volke mag wandel elkeen in die naam van sy god, maar óns sal wandel in die Naam van Yahweh onse Elohim vir ewig en altoos.
Miga 4:6 In dié dag, spreek Yahweh, wil Ek versamel die wat kreupel is, en bymekaarmaak wat verdryf was, en die wat Ek kwaad aangedoen het.
Miga 4:7 Dan sal Ek die wat kreupel was, tot 'n oorblyfsel maak en wat ver verwyder was, tot 'n magtige nasie. En Yahweh sal koning wees oor hulle op die berg Sion, van nou af tot in ewigheid.

Sag 14:16 En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, Yahweh van die leërskare, en om die huttefees te vier.

Jes 66:18 Maar Ek ken hulle werke en hulle gedagtes; die tyd kom dat Ek al die nasies en tonge versamel; en hulle sal kom en my heerlikheid sien.
Jes 66:19 En Ek sal 'n teken onder hulle doen, en vrygeraaktes uit hulle stuur na die nasies, na Tarsis, Pul en Lud, wat die boog span, na Tubal en Jawan, na die ver kuslande wat my tyding nie gehoor en my heerlikheid nie gesien het nie; en hulle sal my heerlikheid onder die nasies verkondig.
Jes 66:20 En hulle sal al julle broers bring uit al die nasies as offergawe aan Yahweh, op perde en op waens en in draagstoele en op muilesels en op kamele na my heilige berg, na Jerusalem, sê Yahweh, net soos die kinders van Israel die spysoffer in 'n rein voorwerp bring na die huis van Yahweh.

Jerusalem sal vir ewig die hoofkwartier van Yahweh die Almagtige wees. Yahshua se woning gedurende die laaste dae asook die millennium (*Joël 2:32, 3:16, 21*) sal op aarde wees. Nasies sal voor Hom buig en Sy Koninkryk sal 'n wêreld heersende koninkryk wees. Dit sal nie oornag gebeur nie. Na die toorn van Yahweh sal Yahshua fisies terugkeer na die Olyfberg waarvandaan Hy opgevaar het. Die Skrif sê vir ons dat daar min mense op aarde sal oorbly (*Jes 24:1-6*). Hulle sal met hartseer en afgryse gevul wees aangesien hulle ooggetuies was van dit wat in die wêreld gebeur het. Dit gaan baie geduld, liefde en opleiding neem om almal te leer van die Nuwe Verbond en die Koninkryk van Yahweh wat oor die hele aarde sal heers.

Sagaría 14 stel dit duidelik dat sommige mense nie alles dadelik sal verstaan en gehoorsaam nie; sommiges sal nie die opdrag gestand doen om na Jerusalem te gaan tydens feestyd om voor Yahshua die Koning te verskyn nie. Maar, wanneer hulle sien dat hulle nie Yahweh se seën of reën ontvang nie sal hulle begin verstaan dat hul volle samewerking en onderdanigheid aan Yahweh se wette en leierskap volkome geluk en vrede op aarde voortbring.

16.20 Gedurende die millennium sal elke mens weet en verstaan wie Yahweh die Almagtige Vader is. Elke mens en dier op aarde sal in totale vrede en harmonie met mekaar saamleef.

Jer 31:31 Kyk, daar kom dae, spreek Yahweh , dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit;
Jer 31:32 nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie—my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek Yahweh.
Jer 31:33 Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek Yahweh: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n Elohim wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.
Jer 31:34 En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken Yahweh; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek Yahweh; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.

Jes 65:16 sodat hy wat homself seën in die land, hom sal seën by die Elohim van waarheid; en hy wat sweer in die land, sal sweer by die Elohim van waarheid, omdat die vorige benoudhede vergeet is en verborge vir my oë.
Jes 65:17 Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie.
*Jes 65:18 Maar wees julle bly en **juig vir ewig oor wat Ek skep; want kyk, Ek skep Jerusalem om te juig, en sy mense om bly te wees.***
*Jes 65:19 **En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor my volk; en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geween of die stem van geskreeu nie.***
*Jes 65:20 **Daarvandaan sal nie meer kom 'n suigling van 'n paar dae of 'n grysaard wat sy dae nie vol uitlewe nie**; want 'n seun sal sterwe honderd jaar oud, en wie sondig, sal, honderd jaar oud, deur die vloek getref word.*
Jes 65:21 En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet:
*Jes 65:22 **hulle sal nie bou dat 'n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat 'n ander dit eet nie; want die dae van my volk sal wees soos die dae van die bome, en my uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet.***
Jes 65:23 Hulle sal hul nie tevergeefs vermoei of baar vir skielike ondergang nie; want hulle is 'n geslag van die wat deur Yahweh geseën is, en hulle nakomelinge is by hulle.
Jes 65:24 En voordat hulle roep, sal Ek antwoord; terwyl hulle nog spreek, verhoor Ek.
Jes 65:25 Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos 'n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê Yahweh.

16.21 In die millennium sal almal wat siek was genees word en niemand sal blind of verlam wees nie.

Jes 35:1 Die woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n narsing;
Jes 35:2 dit sal lustig bloei en juig, ja, met gejuig en gejubel; die heerlikheid van die Líbanon is aan hom gegee, die sieraad van Karmel en Saron; hulle dáár sal sien die heerlikheid van Yahweh, die sieraad van onse Elohim.
Jes 35:3 Versterk die slap hande en maak die struikelende knieë vas.
Jes 35:4 Sê aan die wat vervaard is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle Elohim kom met wraak, met vergelding; Hy (Yahshua) self sal kom en julle verlos.
*Jes 35:5 **Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word.***
*Jes 35:6 **Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis.***
Jes 35:7 En die gloeiende grond sal 'n waterplas word, en die dorsland fonteine van water; in die plek

van die jakkalse waar hulle gelê en rus het, is gras met riete en biesies.

Jes 35:8 En dáár sal 'n grootpad wees en 'n weg wat die heilige weg genoem sal word; geen onreine sal daarop voorttrek nie, maar vir húlle sal dit wees; wie die weg bewandel—selfs die dwase sal nie dwaal nie.

Jes 35:9 Dáár sal geen leeu wees nie, en geen verskeurende dier sal daarop kom of daar aangetref word nie; maar die verlostes sal daarop wandel;

Jes 35:10 en die losgekooptes van Yahweh sal teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydskap sal hulle verkry, maar kommer en gesug vlug weg.

Die Koninkryk van Yahweh is 'n werklikheid. Dit is dié koninkryk wat gevestig sal word in die fisiese land van Israel met Yahshua se wederkoms op die Olyfberg. Die hoofkwartier van die Koninkryk sal in Jerusalem wees, maar dit sal oor die hele aarde heers. Yahweh sal elke mens op aarde seën met Sy Heilige Gees sodat die selfsugtige menslike natuur verander sal word tot 'n natuur van opregte liefde en samewerking.

Gedurende Yahshua se duisend jaar heerskappy sal daar totale vrede op aarde wees, sodat elke mens Hom as Koning bo alle konings sal erken en Hom alleen as die Verlosser van die wêreld sal aanbid. Daar sal geen siekte, fisieke gebrek, voortydige dood, misdaad of hongersnood wees nie. Elke persoon sal die vrug van sy arbeid geniet; die gesin struktuur en persoonlike verhoudings sal heeltemal herstel word, aangesien elke persoon behoorlik onderrig in die Torah sal ontvang. Die Torah onderrig sal gedoen word deur Yahweh se dissipels, die eerste vrugte, wie saam met Koning Yahshua sal regeer vir 'n 1000 jaar en daarna tot in ewigheid.

Kortlikse samevatting:

1) Adam het 'n Koninkryk verloor; nie 'n geloof nie. Yahshua het na die aarde gekom om die aardse Koninkryk wat A dam aan Satan afgestaan het te herwin en te hervestig.
2) Die Koninkryk van Yahweh is nie 'n kerk of 'n gevoel binne in jou nie; dit is 'n werklike, fisiese Koninkryk wat op aarde gekoloniseer sal word.
3) Yahshua sal fisies na die aarde terugkeer en die Koning van Yahweh se Koninkryk wees gedurende die millennium (1000 jaar). Die gedoopte volgelinge van Yahshua sal saam met Hom op aarde regeer.

Gaan na die webwerf www.coyhwh.com en laai die gratis boodskap af, genaamd *The Good News of the Kingdom en*